**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **LETTERKUNDE** | **(60)** |
| **AFDELING B:** | **LANG TRANSAKSIONELE TEKS** | **(30)** |

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar met ‘n swart of blou pen.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

**STERKTE!!!**

**AFDELING A: LETTERKUNDE**

VRAAG 1 – Blind Date (Christie Nortjé)
Lees die uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Nelda sug. "Ek weet, ek weet! Maar hy het niks ander inligting van my nie, behalwe my ouderdom. Ek het nie eens 'n foto vir hom gestuur nie."
> Esmarie glimlag. "Ek het 'n plan!"
> "O jinne, laas toe jy 'n plan gehad het, het die hoof ons vir 'n maand detensie gegee."
> Esmarie gryp Nelda aan die arm. "Ek sê jou, jy gaan nooit weer van oom Marnus hoor nie!"
> Voor Nelda kan vra wat aangaan, staan hulle in Milky Lane voor die oom se tafel.
> "Marnus?" vra Esmarie onskuldig.
> "Ja...Nelda?" Die man lyk vreeslik in sy skik.

1.1 Verduidelik volledig wat 'n "Blind Date" is. (2)

1.2 Hoe was Marnus veronderstel om te (*supposed to*) lyk? Noem TWEE dinge. (2)

1.3 Hoekom, dink jy, het Marnus vir Nelda gelieg oor hoe hy lyk? (1)

1.4 Kies die woord tussen hakies om die sin KORREK te voltooi. Skryf NET die nommer en woord as antwoord neer.

Marnus moes by die tafel in die 1.4.1 (middel / hoek) sit en 'n 1.4.2 (pers / rooi) blom op die tafel sit. (2)

1.5 Nelda het alleen gegaan om Marnus te ontmoet.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.6 Op watter sosiale media het Marnus en Nelda ontmoet? (1)

1.7 Gee die naam van die restaurant waar die verhaal afspeel. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en LETTER neer.

Nelda kon nie maklik van Marnus ontslae raak nie, want …

A hy het geweet waar sy bly.
B hy het geweet waar haar skool is.
C sy het haar selfoonnommer vir hom gestuur.
D sy het haar adres vir hom gestuur. (1)

1.9 Marnus het nie geweet hoe Nelda lyk nie.

Haal 'n SIN uit die uittreksel aan om te wys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

1.10 Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde aan wat wys dat Esmarie se planne hulle soms in die moeilikheid kry. (1)

1.11.1 Wie, het Esmarie vir Marnus gesê, is Nelda? (1)

1.11.2 Hoe oud is "Nelda" vandag? (1)

1.12.1 Hoekom is sekere dele van die verhaal skuinsgedruk? (1)

1.12.2 Is die gebruik daarvan effektief in die storie? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)

1.13 Wat sou JY gedoen het as jy Nelda was? (1)

1.14 Sal JY ooit op 'n "Blind Date" gaan? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

1.15 Watter belangrike les het Nelda geleer? (1)

**(20)**

<u>VRAAG 2 – Die Krieketkolf (Erns Grundling)</u>

Lees die uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> Okkert kyk verbaas na die pawiljoen. Hy kan nie glo wat hy sien nie. Sy pa se silwer Lexus staan sowaar onder die koeltebome. En bokant die oop deur troon die figuur van Okkert senior. Sy pa was 'n plaaslike krieketster in die laat tagtigerjare – 'n intimiderende openingskolwer wat die beste boulaanvalle kon trotseer en verskeie groot honderdtalle in die destydse Curriebeker aangeteken het. Deesdae is hy 'n gereelde gas op *Supersport* se krieketprogramme. Hy sou vroeër vanmiddag Johannesburg toe gevlieg het om met Fanie de Villiers op kykNET te praat.

2.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die nommer en LETTER neer. Bv. 2.1 E

Wat is die naam van Okkert se hoërskool?

A Hoërskool Oranjefontein
B Hoërskool Otto van Staden
C Sarel Cilliers Hoërskool
D Jakaranda Hoërskool (1)

2.2 Wat is die krieketskeidsregter se bynaam? (1)

2.3 Okkert het geweet sy pa gaan by sy krieketwedstryd wees.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.4 Watter tipe kar ry Okkert se pa? (1)

2.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die nommer en LETTER neer. Bv. 2.5 E

Toe Okkert Senior vir die Suid-Afrikaanse span gekies is om teen Indië te speel, kon hy nie gaan nie as gevolg van ...

A Okkert.
B 'n sportboikot.
C 'n hartprobleem.
D fondse. (1)

2.6 Wat het Okkert Senior se krieketloopbaan beëindig (*ended*)? (1)

2.7 Wat doen Okkert Senior, nou dat hy nie meer krieket speel nie? (1)

2.8.1 Watter tipe krieketkolf wil Okkert hê? (1)

2.8.2 Hoekom wil hy juis hierdie kolf hê? (1)

2.9 In watter graad is Okkert? (1)

2.10 Kies elke keer 'n woord uit die blok om die sin KORREK te voltooi. Skryf slegs die nommer en woord neer.

| | | |
|---|---|---|
| boelie | irriteer | fokus |
| werk | kyk | mense |

Okkert sukkel om op krieket te 2.10.1 ..., omdat die matrieks hom 2.10.2 ... en daar is nuwe 2.10.3 ... . (3)

2.11 Pas die beskrywing in KOLOM B by die karakter in KOLOM A. Skryf NET die vraagnommer en die KORREKTE letter langsaan neer. bv. 2.11.5 F

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.11.1 Bienkie Beukes | A Die krieketskeidsregter |
| 2.11.2 AB de Villiers | B Die meisie van Okkert se drome |
| 2.11.3 Meneer Pienaar | C Is bo Okkert Senior vir die SA span gekies |
| 2.11.4 Jimmy Cook | D Okkert se krieketheld |

(1x4) (4)

2.12 In plaas van 'n krieketkolf, het Okkert se pa vir hom 'n hokkiestok gekoop.

2.12.1 Watter boodskap het Okkert se pa met die hokkiestok probeer stuur? (1)

2.12.2 Dink jy Okkert se pa was regverdig (*fair*) met sy geskenk? Sê JA of NEE en gee 'n REDE vir jou antwoord. (1)

2.12.3 Hoe sou JY gevoel het as jou pa dit aan jou gedoen het? (1)

**(20)**

<u>VRAAG 3 – Spunkie (Winnie Malan)</u>
Lees deur die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**SPUNKIE – Winnie Malan**

Ons Spunkie is die fraaiste dier
en gee ons tog soveel plesier.
Sy vel is bont, sy pootjies wit,
sy stert is lank en swart soos git.

Hy jakker en hy gaan te keer.
'n Mens sou dink hy kan nie meer,
maar as jy weer kyk sit hy af
deur die gang op 'n stywe draf.

Hy hardloop in 'n wye kring,
en voor hy stop gee hy 'n spring -
dan rol hy om weer op sy rug
met al vier pote in die lug.

Sy ma sit so vir hom en loer
en as sy net haar stert durf roer
dan is die outjie tog te gek -
hy spring en vang dit in sy bek!

En so gaan dit die hele dag,
van soggens vroeg tot amper nag.
Wie dink jul nou is die klein platjie?
Ja, reggeraai – dit is ons katjie!

3.1 Spunkie maak die gesin gelukkig.

Haal 'n VERSREËL aan om hierdie stelling as WAAR te bewys. (1)

3.2 Hoe lyk Spunkie? Noem TWEE KLEURE. (2)

3.3 Skryf die VERGELYKING in strofe 1 neer. (1)

3.4 Waar in die huis hardloop Spunkie in strofe 2? (1)

3.5 Haal 'n voorbeeld van ASSONANSIE aan in strofe 3. (1)

3.6 Wat moet Spunkie se ma, volgens strofe 4, NIE met haar stert doen NIE? (1)

3.7 Watter tipe dier is Spunkie? (1)

3.8 Benoem die rymskema van hierdie gedig. (1)

3.9 Sal jy so 'n katjie wil hê? Sê JA of NEE en gee 'n REDE vir jou antwoord. (1)
**(10)**

VRAAG 4 – Wanneer dinge skeefloop (Fanie Viljoen)
Lees deur die gedig en beantwoord die vrae wat volg.

**WANNEER DINGE SKEEFLOOP**

In die Humans se huis
loop dinge soms skeef.
Dis asof iemand anders
saam in hul ou huis leef.

Soms skuif ‘n portret
vanself onderstebo.
Of soms kraak ‘n vloer
dat jy jou ore nie glo.

Soms klap ‘n kamerdeur
vanself sommer toe.
Of soms sê ‘n spookstem
hier agter jou: “Boe!”

“Genoeg is genoeg!”
kla die Humans oplaas.
(Dit was die dag
toe die yskas opblaas.)

“Ons trek!” roep die Humans
en begin dadelik te pak.
Later daardie middag
staan die sleepwa gehaak.

“Wat nou?” vra die buurvrou
toe sy die pakkasie ontdek.
En die spook in die kas sê:
“Ma’ ka’ jy nie sien nie? Ons trek!”

4.1 In wie se huis woon die spook? (1)

4.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die nommer en LETTER neer. Bv. 4.2 E

Die woord “klap” in reël 9 is ‘n voorbeeld van …

A klanknabootsing.
B ‘n metafoor.
C binnerym.
D assonansie. (1)

4.3 Watter TWEE geluide HOOR die mense in die huis? (2)

4.4 Wat het gebeur dat die mense uiteindelik besluit het om te trek? (1)

4.5 Die mense het eers die volgende dag getrek.

Haal ‘n VERSREËL aan wat sê dit is ONWAAR. (1)

4.6 Verduidelik in jou EIE woorde waarna die "pakkasie" in reël 22 verwys. (1)

4.7 Gaan dit help as die mense na 'n ander huis trek? Sê JA of NEE en verduidelik hoekom jy so sê. (1)

4.8 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf SLEGS die nommer en LETTER neer. Bv. 4.7 E

'n Strofe van VIER versreëls word 'n … genoem.

A tersiene
B kwatryn
C koeplet
D digter (1)

4.9 Wat sou JY doen as daar 'n spook in jou huis gebly het? (1)

**(10)**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B – LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 5 – Vriendskaplike Brief

Jy moet 'n brief aan jou ouma oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem.

Jou brief moet 120 -150 woorde beslaan en jy moet beplanning wys. **(30)**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**GROOTTOTAAL: 90**